

**25 Maart**

**Skrifgedeelte: 2 Timoteus 1:3-8**

**Fokusgedeelte: 2 Timoteus 1:7**

### **Krag, liefde en selfbeheersing**

Paulus wag op sy dood in die gevangenis. Hieroor was Timoteus moedeloos. Dit beteken nie dat hy 'n lafaard was nie. Hy het opgesien teen die groot verantwoordelikheid om Paulus se werk oor te neem. Boonop was hy jonk – vandaar dat Paulus hierdie trooswoorde aan hom skryf. As bemoediging herinner Paulus hom aan die Gees wat krag en liefde en selfbeheersing gee.

Geweldig is die uitwerking van liefde as dit gepaard gaan met krag en selfbeheersing. Daarteenoor is krag sonder liefde domkrag, blinde krag wat net wil maak en breek. Dit bou nie, dit verwoes net. Selfbeheersing op sigself is weer te hard en koud in 'n wêreld wat reeds koud en hard is. Daarom moet daar liefde tussenin wees. Niks is dan te veel vir ons nie, want die liefde oorwin alles en dryf lafhartigheid uit.

Dit wil nie sê dat daar nooit meer enige vrees by die gelowige sal opkom nie, maar dit beteken dat die gelowige die grootste energiebron ter wêreld besit. Die bron is nie olie wat die nasies al soveel bloed en geld gekos het nie en nog gaan kos nie, maar die krag wat daaruit voortvloei om kind van God te wees – 'n krag wat Christus se kosbare bloed aan die kruis gekos het.

Wat 'n heerlike troos vir ons tyd met al sy krisisse en vrese! Net die gedagte aan wat alles met ons en ons kinders kan gebeur, vervul baie mense met vrees en lafhartigheid. Dit mag egter nie, want: "Die Gees wat God ons gegee het, maak ons immers nie lafhartig nie, maar vul ons met krag en liefde en selfbeheersing."

Word daarom vervul met die Gees en jy sal al hoe meer bewus word van die oneindige bron van krag wat God deur die geloof in jou gelê het. Ja, jy sal vind hoe selfs vreesagtige Timoteusse geloofshelde word!

*Sing: Psalm 138:4 Dr Dr Fouché (Emeritus)*